LAERSKOOL BEAUMONT

Geagte Ouers 9 Desember 2011

FINALE NUUSBRIEF VIR 2011

1. VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beaumont kan weer eens met trots terugkyk op ‘n genotvolle en suksesvolle jaar, ‘n jaar waarin ons in so baie opsigte geseënd is! Wanneer ons terugkyk na al die gebeurtenisse wat die afgelope jaar plaasgevind het, is dit onvermydelik om ‘n spesiale woord van dank te betuig teenoor ons personeellede, leerders en ouers vir hul toegewyde pogings om van elke gebeurtenis ‘n groot sukses te maak.

Ons dink onmiddellik terug aan die Prinses Roselynne Operetta. Nagenoeg 500 leerders het aan agt fantastiese vertonings op die verhoog deelgeneem en lewenslange herinneringe is by hierdie kinders tuisgebring wat hulle vir nog baie jare sal bybly. Ons Senior koor het aan ‘n wonderlike konsert saam met verskeie bekende gaskunstenaars, onder andere Jak de Priester, by Neethlingshof deelgeneem. Dit was voorwaar ‘n unieke geleentheid vir ons leerders! Ons skool het ook aansienlike veranderinge en verbeteringe aangebring, terwyl die WKOD in die proses is om sewe nuwe klaskamers, as deel van hul uitbreidingsprogram, te bou. Ons behoort teen einde Maart 2012 te kan intrek.

Ons leerders het op akademiese gebied uitgeblink en ons het ‘n sertifikaat vir Uitnemendheid in Geletterdheid en Gesyferdheid in Graad 3 en Graad 6 ontvang! Ons leerders het ook in sport uitgeblink en talle het Suid-Afrikaanse en provinsiale kleure in verskeie sportsoorte behaal. Beaumont is op so baie terreine geseënd!

Beaumont se personeel is weer eens ‘n gevoelige slag toegedien met die afsterwe van Mev Pina Senatore, terwyl sommige ander personeellede ook gesondheidsterugslae gehad het. Ons gebed is dat hulle ten volle sal herstel. Ons dink ook aan ‘n aantal families wat van hul geliefdes vanjaar aan die dood afgestaan het.

Beaumont bied meer as ‘n goeie opvoeding aan al sy leerders. Opvoeders en leerders sal weer eens in die nuwe jaar met nuwe uitdagings en geleenthede gekonfronteer word, maar ons is vol vertroue dat Beaumont sal volhou om weer as een van die toonaangewende opvoedkundige instellings in die Weskaap beskou te word. Ek bedank u vir u ondersteuning en vertrou dat u die rustyd saam met u kinders sal geniet.

2. PERSONEELNUUS

Ons neem afskeid van die volgende personeellede aan die einde van die jaar:

- Mej I van Niekerk – Graad 2E5
- Mev M Smuts – Graad 7E1

Ons bedank mej Van Niekerk vir haar toegewyde diens aan die skool tydens haar tyd by Beaumont en ons wens haar geluk met haar troue later vandeesmaand en ons wens haar ook alle sterkte toe met haar permanente woning in die Paarl.

Mev Smuts het ook puik werk by ons skool verrig en ons wens haar sterkte toe wanneer sy en haar familie na KwaZulu-Natal verhuis. Ons is jammer om haar dienste te verloor.

Geluk ook aan mej J Martin in Gr 3E2 met haar troue op 30 Desember 2011.

Die volgende aanstellings is vir 2012 gemaak:

- Mev J Trinchero in Graad 3E1
- Mev L Kotze in Graad 3E5
- Mej D de Neef in Graad 5E3
- Mnr W Burger in Graad 7E1
- Mev H Seele in Gr 6E2

Ons glo dat al hierdie veranderinge baie waarde tot die akadiemiese program sal voeg en dat hierdie opvoeders se spesifieke sterkpunte optimaal benut kan word!

Mev Saayman (Graad 2A2) sal nie meer ‘n registerklas onderrig nie, maar sy sal akademiese leiding aan alle Grondslagfase-klasse bied. Daar sal ook volgende jaar ‘n aantal interne veranderinge plaasvind.

- Mev G Murphy skuif van Gr 1E4 na Gr 2E5
- Mej L Newton-Foot skuif vanaf Gr 3E5 na Gr 1E4
- Mev B Engelke skuif vanaf Gr 3E1 na Gr 2E2
- Mev C Sephton skuif van Gr 5E3 na Gr 4E5
- Mnr B van Wyk skuif van Gr 7E3 na Gr 5A
- Mev S Steyn skuif van die rekenaarklas na 6E5
- Mnr P van der Bergh skuif van Gr 6E2 na Gr 7E3

Ons vertrou dat hierdie personeellede hul nuwe ervarings by ons skool sal geniet. Ek glo dat die leerders sal baatvind by hul kundigheid en bydraes wat hulle gaan lewer.

Die personeel moet gelukgewens word met hul toegewyde pogings en bereidwilligheid om so baie van hul tyd en talente in te span om die leerders en ouers van ons skool te dien. Ek wens hulle 'n welverdiende vakansie toe en ek vertrou dat hulle met hernieude energie en inspirasie sal terugkeer om hul belangrike taak voort te sit om ons leerders in 2012 te onderrig.

3. BOUWERK / VERBETERINGS

Die bouwerk vorder mooi en die kontrakteurs is basies op skedule. Hulle hoop om dakhoogte te bereik voordat die bouers met vakansie gaan. Die klaskamers sal aan die einde van die eerste kwartaal gereed wees, terwyl ons hoopvol is dat die administratiewe blok teen die einde van Januarie 2012 voltooi sal wees.

4. LEERDERS

Die meeste van ons leerders het pligsgetrou gewerk gedurende die laaste paar weke en het hulle goed van hul taak gekwyt. Ek glo dat u net so trots soos ons op hul pogings sal wees! Ons neem aan die einde van die jaar afskeid van 138 Gr 7- leerders asook 26 leerders vanuit die ander 40 klasse. Ons wil al hierdie leerders bedank vir hul indiwiduele bydraes tot Beaumont. Ons glo dat hulle baie gelukkig sal wees in hul nuwe opvoedkundige omgewing. Ons het huidiglik 34 nuwe Gr R-leerders (slegs Afrikaans), 173 Gr 1-leerders (Engels en Afrikaans) en 66 leerders in die ander grade wat in 2012 by ons sal aansluit. Ons verwag ook nog 'n hele paar nuwe gesigte wat vroeg in die nuwe jaar by ons sal aansluit. Ons het ook goed daarin geslaag om die getalle in ons klasse te beperk. Ons grootste klas uit 'n totaal van 41 klasse sal uit 32 leerders bestaan. Ons verbind onsself tot die beste moontlike geleenthede vir al ons leerders sodat hulle tot hul volle potensiaal kan ontwikkel.

5. SKOOLGELDREKENINGE – FINALE HERINNERING

Onthou asseblief dat alle uitstaande skoolgeld teen Vrydag 9 Desember 2011 betaalbaar is. Indien u nie die rekening teen hierdie datum ten volle kan betaal nie, moet u asseblief vir Margi van de Merwe in die finansiële kantoor kontak by (021) 851-7124 uitbr 2 of margi@beaumont4u.co.za om reëlings te tref rakende die uitstaande bedrag. Indien u nalaat om dit te doen, sal u rekening aan die prokureurs oorhandig word vir invordering.

6. SKOOLUNIFORM

Leerders word versoek om vanaf die eerste skooldag 2012 hul somer skooluniform te dra. Ons beskou 'n netjiese en korrekte uniform as 'n belangrike voortsetting van die algemene dissipline by die skool. Baie klem sal op atletiek en swem geplaas word gedurende die eerste drie weke van die nuwe kwartaal. U word herinner aan die belangrikheid van 'n donkerblou breërand hoed / pet vir sportaktiwiteite en ook gedurende pouses by die skool. Die hoede / pette is verkrygbaar by ons skool se klerebank.

Die klerebank sal oop wees voordat die skool amptelik vir leerders volgende jaar begin. Klerebanktye: Maandag 9 Januarie 2012 en Dinsdag 10 Januarie 2012 om 09:00 – 15:00 . Daarna sal die klerebank elke Dinsdag en Donderdag vanaf 13:00 tot 14:30 oop wees.

Haarstyle

Neem asseblief kennis dat geen leerder met gekleurde hare of hare met sonstrepe toegelaat sal word wanneer die skool in Januarie 2012 begin nie. Leerders sal huis toe gestuur word en nie toegelaat word om terug te keer skool toe totdat hulle hare terug na die natuurlike kleur is nie. Ingevlegde hare (braids) moet soos gewone hare vasgemaak word. (Dogters). Die seuns se hare moet kort gesny wees en dit mag nie volgens die nuutste, moderne style wees nie.

Skoene

U word daaraan herinner dat slegs **WIT SPORT TEKKIES MET DONKERBLOU, GRYS of SWART** afwerking gedra mag word. Kort wit sokkies moet die enkels bedek. Geen "sneakers" mag gedra word nie. Tekkies mag slegs wit skoenveters hê. Ons wil hê dat alle leerders trotse ambassadeurs vir ons skool moet wees, daarom moet leerders in volle skooluniform geklee wees wanneer hulle in die middae saam met hulle ouers in die publiek verskyn.

GEEN SANDALE MAG DEUR GR. 4 – 7 LEERDERS GEDRA WORD NIE.

Graad 1 – 3 leerders mag sandale dra, MAAR NIE OP SAALBYEENKOMS DAE NIE. **Donkerblou** sandale met slegs grys, wit of swart afwerkings mag gedra word en die sandale is verkrygbaar by Woolworths en Shoe City (naam van vervaardiger: River Rapids of donkerblou "strops") **GEEN CROCS!**

Skooluniform
Broekrompe is vanaf 2012 verpligtend vir Gr 1-5 dogters. Kortbroeke mag vir sport gedra word.

Hoede/ Pette
Beaumont hoede / pette moet tydens pouses en sportaktiwiteite gedra word **(VERPLIGTEND VIR GRAAD 1 – 4 LEERDERS TYDENS POUSES).**

Swemklere
DONKERBLOU speedo's (seuns) en **DONKERBLOU** swembroeke (dogters) is verpligtend. Swart "quantec" kortbroeke mag bo-oor die speedo's gedra word. Beaumont swempette is verpligtend.

Atetiek
Soos reeds vroeër genoem, is die moulose Beaumont atletiekhemp verpligtend. Dit moet gedurende LO-periodes gedra word asook na atletiekoefeninge / - byeenkomste.

7. RAPPORTE

Die Gr. R – 7 leerders se rapporte is vandag uitgehandig. Alle rapporte wat nie afgehaal is nie, sal gepos word. Ons vertrou dat u tevrede gaan wees met u kind se rapport en dat hy / sy sal voortbou op die grondslag wat in 2011 gelê is.

8. BEAUMONT HET TALENT

Indien u nie op Maandag 5 Desember 2011 in die skoolsaal was nie, het u verseker 'n geleentheid misgeloop waarby ons leerders en personeellede hul unieke talent tentoongestel het. 'n Groot verskeidenheid kleurvolle items is aangebied. Baie geluk aan elke deelnemer, of hy/sy 'n wenner was of nie! Ons sien uit na soortgelyke geleenthede in die toekoms!

9. BOV- TERUGVOER - 2011

Die BOV het 'n fantastiese jaar, gevul met pretaktiwiteite, beleef. Die vierde kwartaal het met 'n avontuurlike dag by Ratanga Junction geëindig. Ons strewe daarna om ons skool se leuse, nl. "UT PROSIM", uit te leef deur vir andere van diens te wees. Ons bedank alle ouers, leerders en opvoeders en ons sien uit na nog 'n suksesvolle jaar in 2012.

10. SKOOLKWARTALE VIR 2012

Die goedgekeurde kwartale vir 2012 is soos volg:

Kwartaal	Begin	Sluit
Eerste	11 Januarie	23 Maart
Tweede	10 April	22 Junie
Derde	16 Julie	28 September
Vierde	08 Oktober	07 Desember

OPENBARE VAKANSIEDAE IN 2012				
1 Januarie	Nuwejaarsdag		16 Junie	Jeugdag
21 Maart	Menseregtedag		9 Augustus	Nasionale Vrouedag
06 April	Goeie Vrydag		10 Augustus	Skool Vakansiedag
09 April	Gesinsdag		24 September	Erfenisdag
27 April	Vryheidsdag		16 Desember	Versoeningsdag
30 April	Skool Vakansiedag		25 Desember	Kersdag
1 Mei	Werkersdag		26 Desember	Welwillendheidsdag

11. MYSCHOOL CARD

Indien u in besit is van 'n MySchool Card, wil ons u aanmoedig om dit gedurende die feesseisoen te gebruik indien u inkopies doen by enige van die onderstaande winkels. Beaumont trek voordeel uit u aankope. Bied slegs u kaart by die betaalpunt aan en maak seker dat u transaksies aangeteken word. 'n Persentasie word dan aan Beaumont toegeken as fondsinsamelingsgeld. Hierdie geld is nodig om die voortdurende toename in finansiële druk wat op die skool geplaas word, te verlig en ook om materiële verbeteringe aan be bring tot voordeel van ons kinders.

- **Toys R Us –** Somerset Mall
- **Woolworths** – Somerset Mall, Waterstone Village en Somerset- Wes
- **Engen Valsbaai** – 1 Stop Quick Shop, 1 Stop Wimpy
- **Pets Paradise** – Somerset-Wes
- **Waltons Stationers -** Gants Sentrum
- **PG Glass** – Somerset-Wes en Strand
- **Duraline Paints** – Gants Sentrum
- **Club travel**
- **Tile Africa -** Gants Sentrum
- **Bargain Books** – Waterstone Village

U kan deel word van hierdie opwindende fondsinsamelingsgeleentheid deur elektronies by www.myschool.co.za of enige van die winkels wat aan die My School-projek gekoppel is, te registreer.

12. TOYS FOR JOY

Baie dankie vir die ruim skenking van speelgoed wat ons oor die afgelope paar weke ontvang het. Die gees van gee gedurende die Kerstyd was oorweldigend. God seën u almal.

13. TOEBROODJIES

Daar was elke Vrydag vele baie dankbare ontvangers van brood by Macassar Primêr. Dankie, vir al die wonderlike ondersteuning. U bied 'n noodsaaklike diens aan rminderbevoorregte kinders.

14. ECO NUUS

Herwinning

Die jaar het tot sy einde gekom – en watter wonderlike jaar was dit nie in terme van herwinning nie!

'n GROOT DANKIE aan elke leerder (en ouer) wat getrou elke Maandag hul herwinning skool toe gebring het, sonder om een Maandag oor te slaan. Ons is voorwaar baie beïndruk met en trots op julle! Die klasse in die Senior Fase wat die beste herwin het tydens die 4de kwartaal, is 5E4 met 93% in die eerste plek en 5E2 met 92.4% in die tweede plek. Die Junior fase wenner was 1E3 met 93% en in die 2de plek 1E1 met 91%. Baie mooi! Teen die einde van 2010, het Beaumont dit reggekry om 74 669kg te herwin en daardeur R29 867.64 te verdien. Hierdie jaar, 2011, het Beaumont dit reggekry om 105 346kg in te samel en daardeur R42 138 te verdien (November gewig uitgesluit) Veels geluk en BAIE DANKIE aan elkeen wat 'n bydrae gemaak het!! Herwinning ouers, Groenspan-lede en Groenspan-monitors, ons BEDANK julle uit die diepte van ons harte vir jul moeite, harde werk en goeie gees waarin julle die taak op hande voltooi het. Fantastiese spanne bereik altyd hul doel, soos ons het!

Groenspan-lede en –monitors moet onthou om hul knopies by Mev. Frylinck se kantoor in te handig voor 9 Desember 2011.

GENIET 'n WONDERLIKE VAKANSIE en 'n GESEëNDE KERSFEES!

15. GEBEDSGROEP

'n Spesiale woordjie van dank aan ons mammas en pappas wat op 'n weeklikse basis vir ons skool bid. Ons glo in die krag van gebed en erken God se hand in ons skool se baie suksesse hierdie afgelope jaar.

16. KUNS EN KULTUUR

Kultuur

Die kore en blokfluit ensemble het verlede Sondag by die Nederduits Hervormde Kerk opgetree asook op Donderdagaand by die Geseënd om 'n Seëning *Wees* funksie.

Ons is baie trots op elke leerder wat aan kulturele aktiwiteite deelgeneem hierdie jaar, en ons hoop om meer van ons talentvolle leerders volgende jaar in die Eisteddfods in te skryf en om selfs by Artscape op te tree. Moet dus nie skaam wees volgende jaar nie!

Die Junior en Senior kore het baie hard gewerk hierdie jaar, en die Junior koor is opgewonde om volgende jaar hul eie kooruniform aan te skaf, terwyl die Senior koor hartseer is om van hul gr.7- lede afskeid te neem. Gr.7-koorlede, mag dit wat julle alles gedurende julle sangloopbaan beleef en geleer het, jul nog na hoë hoogtes in die toekoms neem!

UNISA Teorie Uitslae

Edward van Antwerpen	94%	onderskeiding
Ciara Roberts	97%	onderskeiding
Amy Noyce	65%	slaag
Ava de Beer	89%	onderskeiding
Monet van Antwerpen	91%	onderskeiding
Jaime Goedhals	83%	onderskeiding

Vroeër vanjaar het mev. Goldberg en lede van die Senior Koor die geleentheid gehad om vir 15 minute aan 'n program op Radio Helderberg deel te neem.

17. BIBLIOTEEKNUUS

Vanjaar was baie uitdagend aangesien die biblioteek as 'n klaskamer gebruik is. As gevolg hiervan kon die leerders slegs ná skool toegang tot die biblioteek verkry. Hopelik sal alle biblioteekbedrywighede weer na normaal kan terugkeer in April 2012 wanneer die verbouings aan ons skoolgebou voltooi is. Ons sal dan die biblioteek gedurende skoolure vir boekopvoedingslesse kan gebruik.

Ons het gedurende die eerste kwartaal ons jaarlikse Fiksie Leeskompetisie vír ons senior leerders gehad. Ons het vroeg in die tweede kwartaal sertifikate vir deelname aan die leerders wat gekwalifiseer het, oorhandig.. Die Department van Onderwys het vroeër vanjaar 'n leeskompetisie vir Gr. 6-leerders geïnisieer. 24 leerders is gekies om die boek "The White Quill", geskryf deur die Kaapse Outeur Liam Cundill, te lees. Nadat die boek gelees is, moes die leerders 'n projek by die WKOD inhandig. Ons is trots op Kate Munroe, wat 'n finalis in hierdie kompetisie was.

Al ons Gr. 3- leerders het hierdie kwartaal aan 'n leeskompetisie deelgeneem. Die leerders was gretig om deel te neem en 100 leerders het sertifikate vir deelname ontvang. Pryse is ook oorhandig aan leerders wat ekstra moeite met hul inskrywings gedoen het. Angelique Filter in Grade 3E1 het 'n eerste plek verower. Veels geluk, Angelique!

GENIET DIE VAKANSIE EN LEKKER LEES!!!!

18. SPORT SPOGHOEKIE

Die BAGA toekennings vir gimnastiek het verlede week plaasgevind en Michael Rossouw het 'n trofee ontvang vir 'n eerste plek wat hy by die Boland, Weskaap en Suid Sone kompetisies behaal het.

Die SASKA Helderberg Dojo se finale karate gradering vir 2011 het verlede week plaasgevind. Die volgende Beaumont- leerders het hulle nuwe gordels ontvang: Kyle Tetley, Clayton Barclay Hogan, Memie Nanatakiy, Luca Kolatsis en Hannah Kruger – Geel. Dylan Barclay Hogan – Oranje. Sean Stoltz, Aidan Buck en Michael Rossouw – Groen. Shane Blair – Blou. Franzé Lötter – Pers 1. Michael Pentz, Mikayla Forrester – Pers 2. Callum Forrester en Luke Mare – Rooi 3. Aan die einde van die aand is die Dojo Kun wisseltrofee vir die beste leerling tydens die gradering aan Franzé Lötter oorhandig.

Aidin Buck (Gr. 2E5) het gisteraand sy Groen gordel van Helderberg Shotokan Karate, wat lesse in die skoolsaal aanbied, ontvang.

DIE KWARTAALPROGRAM EN VOORLOPIGE BUITEMUURSE PROGRAM VIR 2012 SAL OP DIE BEAUMONT WEBTUISTE EN 'COMMUNICATOR' BESKIKBAAR WEES VIR U GERIEF EN TOEKOMSTIGE BEPLANNING. 'N HARDE KOPIE SAL AAN DIE BEGIN VAN DIE NUWE JAAR OP WOENSDAG 11 JANUARIE 2012 UITGEREIK WORD.

19. VANAF DIE KANTOOR - HANDBOEKE

'N Groot dankie aan Debra le Riche, Ronel Wilken en al die hardwerkende mammas wat gehelp het met die handboeke. Knap gedaan!

Een van Beaumont se personeellede, Bennie de Swartz, is 'n meester op die gebied van karate en hy het 'n 3de Dan in Shotokan. Sy Macassar Karate Klub het die Interklub Kampioenskappe gewen en hulle is nou die 2011 Westelike Provinsie kampioene! Baie geluk aan Bennie en sy klublede!

20. BELANGLIKE DATUMS VIR DIE EERSTE WEEK VAN DIE EERSTE KWARTAAL 2012

Maandag 9 Januarie	:	Nasorg open
Woensdag 11 Januarie	:	SKOOL BEGIN OM 08:00 VIR ALLE LEERDERS
	:	**GRAAD R GAAN HUIS TOE OM 12:00 TOT VRYDAG 13 JANUARIE**
	:	**GRAAD EENS GAAN HUIS TOE OM 12:30 TOT VRYDAG 13 JANUARIE**
Donderdag 12 Januarie	:	Grondslagfase – Ouervergadering in die skoolsaal (Gr R – 3) om 18:30
	:	Grondslagfase ouers besoek aan klaskamers (Gr R – 3) om 19:00

Ter afsluiting wil ek graag my opregte dank en waardering teenoor die BL en BOV, al die ouers, leerders en personeel uitspreek vir hul ondersteuning en samewerking gedurende die afgelope jaar. Mag u 'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 2012 beleef. Indien u die langpad met vakansie gaan aandurf, wens ons u 'n veilige en voorspoedige reis toe. Mag God u seën in hierdie tyd van samesyn.

Vriendelike groete

G REDDELL (SKOOLHOOF)

Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe Jaar word almal toegewens.

Die Hoof en Personeel van Laerskool Beaumont.

BEAUMONT PRIMARY

Presents

A RECITAL BY

THE BEAUMONT PRIMARY STRING ENSEMBLE

FRANCOIS VOGES - VIOLIN

LEAH GUNTER - SOPRANO

MEGAN - GEOFFREY PRINS - PIANO

VIVALDI, MOZART
WIENIAWSKI, LIZT

11 DESEMBER 2011

NG KERK

KERKSTRAAT STRAND

19:00 - 20:00

Donasies by die deur

Ten bate van

NG KERK HOTTENTOTS-HOLLAND
HALFWAY HOUSE PROJEK

BLAAUW & PARTNERS **RIAAN van WYK** **TERRAFOUND CC**

CHARLES DIESEL

ITEC